HOËRSKOOL
**BREDASDORP**
HIGH SCHOOL

**Nuusbrief**
**Newsletter4**
5 | 2025
21 | 02| 2025

## BELANGRIKE DATUMS

Vry 21- Sa 22 Feb: Tennis T4J-toernooi
Sa 22 Feb: Skaakproewe (Hermanus)
Ma 24 Feb: Gholf vs HS Montagu (interskole)
Di 25 Feb: O.19 Krieket vs HS Montagu (interskole)
Do 27 Feb: O.15 Krieket vs HS Montagu (interskole)
Dogterskrieket vs HS Montagu (interskole)
Vry 28 Feb: Interhuis Redenaars en Vasvra (8h00-9h30)
Vry 28 Feb: Hokkie Drive Thru (fondsinsameling vanaf 16h00
Vry 28 Feb en Sat 1 Mrt: Atletiek – Boland Kampioenskappe

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

Ma 24 Feb: Mnr Thys Kriel




**JAARTEMA:**
**VOETSPORE**

**KWARTAALTEMA**
Voete op die grond

## AKADEMIE

### TOETSREEKS / TEST SERIES

Die toetsreeks wat op 12 Maart sou begin, is vervroeg en sal nou op 11 Maart begin en op 19 Maart eindig.

The test series which was scheduled to start on March 12 will now start on March 11 and end on March 19.

### GR 7-OPEDAG

Aspirant gr 8's het op 17 Februarie die geleentheid gehad om 'n voorsmakie te kry van wat dit behels om 'n hoërskool BD te wees. Hierdie voornemende gr 8's van 2026, het entoesiasties deelgeneem aan die aktiwiteite en speletjies wat tydens die jaarlikse gr 7 Ope-aand aangebied is. Hul het veral die kompetisie tussen die onderskeie groepe onderling, baie geniet. Die Matriekraad kon uit die staanpoor sien dat hierdie groep gr 7's nie vir 'n uitdaging stuit nie. Kies reg, kies Hoërskool Bredasdorp. Ons glo dat julle vanaf 2026 mooi voetspore in ons gemeenskap sal trap.

Gr 6 and 7 learners and their parents from surrounding schools in the area were introduced to the school and all it has to offer by Mr Retief in the school hall, after which the learners got to know the school better through a variety of fun activities throughout the school grounds. We hope that the parents and learners enjoyed getting to know the school better. We can't wait for you to join the BD family.








## KULTUUR

### BD's GENIET KREATIEWE SKRYFWERKSWINKEL

Vier BD-dogters wat skryf- en digkuns geniet, het op 18 Februarie die geleentheid geniet om by Muddy Waters Art Studio op Napier met ander jong skrywers van Hermanus, Swellendam en Caledon koppe bymekaar te sit.
'n Werkswinkel vir jong digters is deur mnr Bernard Odendaal, professor verbonde aan die navorsingseenheid vir Taal en letterkunde van Noordwes-Universiteit, aangebied. Hy was ook tien jaar lank die direkteur van die ATKV-Skryfskool op Potchefstroom. Daarna het 'n skryfkompetisie plaasgevind.
Twee keurders, mnr Marius Swart (Afrikaans dosent by Universiteit Stellenbosch en self 'n trotse oud-BD) en me Mathabo le Roux (redakteur van Suidernuus) sal die gedigte beoordeel. Die wenners sal voor die einde van die kwartaal aangekondig word. Ons is trots op hierdie BD's wat hier hulle passie vir woorde kon skaaf en verfyn.



Vlnr: Milan Daniel (gr 12), Mischka Hans (gr 11), Malienke van Wyk (gr 10) en Suzanne Pretorius (gr 12) saam met me Linda Botha, die organiseerder van die slypskool.

## BEMARKING

### HEUNINGBERG MEDIESE SENTRUM SLAAN KISHOU

Voortaan gaan Hoërskool Bredasdorp se Eerste Seuns- en dogtertennisspan spoggerig vertoon in hulle splinternuwe tennisklere, danksy Heuningberg Mediese Sentrum. Hierdie spelers vertrek eersdaags na Sun City om deel te neem aan die Menlo Mixit Tennistoernooi.

*Op die foto verskyn*
Agter vlnr: Daniël Fourie, Jan-Carel Lochner, Luan Prins en Mkhululi Tundezwa
Voor vlnr: Melissa Saayman, Nina Terblanche, Minke Terblanche en Mieke Saayman

HSB se top vyf seuns- en dogterspelers gaan die toer meemaak. Dirk Neethling en Lisa Bredell vorm ook deel van die toergroep.

Sterkte BD's, ons weet dit gaan 'n onvergeetlike ervaring wees.



## SOSIAAL

Die Jeugskou-BD's het Donderdag behoorlik 'n knuppel in die hoenderhok gegooi. Gelukkig was mnr Retief nie die hoenders in nie, al moes hy saam met die hoenders opstaan om betyds te wees.

Die skoolhoof wat steeds koning kraai in HSB, het vir tannie Mariana heerlik laat lag. In haar 33 jaar by HSB moes sy al vreemde goed in haar kantoor bêre. Maar 'n haan met bont stertvere het byna gesorg vir pêrre. Mnr Retief het dit suutjies op haar boonste rak gestoor. So sy het eers gedink haar kop is getoor. Gelukkig was dit slegs 'n haan op pad na Riversdal!

19 BD's het vanjaar hul talente by die Jeugskou uitgestal.









## GRADE 8 BAREFOOT DAY / KAALVOETDAG

Die BD's se jaartema vir 2025 is Voetspore/Foot Steps. Die spesifieke tema tot Maart is "Voete op die grond". Die gr 8's is verantwoordelik om in kwartaal 1 hierdie tema prakties uit te beeld. Hulle het met die blink plan vorendag gekom om 'n Kaalvoetdag te hou. Hiermee wil hul graag hul dankbaarheid en nederigheid bewys. Fondse wat op hierdie manier ingesamel is, sal aan die Herberg Kinderhuis in Robertson geskenk word. Dit is beslis baie gepas om uit te reik na maats daar, want ons leerders val in dieselfde ouderdomsgroep. Ons BD's het beslis omgee harte.

The learners who came to school barefoot had to pay R5. Most of them paid more, and even those who came to school wearing shoes, donated money.

The school raised R2 304 in total, definitely more than the original target.

Supporting this good project definitely shows that our BD's are grounded and have caring hearts indeed.

## AFLAAI VAN LEERDERS / DROPPING OF LEARNERS

Ons merk steeds dat ouers soggens hul kinders op die skoolterrein aflaai, ten spyte van ons versoek in die vorige nuusbrief om dit nie te doen nie,. **Dit is verbode**. Laai asseblief u kind/ers in Bond- of Van Riebeeckstraat of by die aflaaisone af. Ouers moet asseblief nie op die rooi strepe stop nie.

Indien dit reën, mag ouers by die hoofhek inry om hul kinders af te laai en dan by die boonste hek uitry. Dit is dan eenrigting verkeer.

We are still noticing that parents drop their children off on the school premises in the morning, despite our request in the previous newsletter not to. **It is forbidden.** Please drop your child/children off in Bond or Van Riebeeck Street or the drop-off zone. Parents, please do not stop on the red lines.

When it rains, vehicles may enter via the main gate to drop off learners and then leave the premises through the upper gate. (One-way traffic)









**ATLETIEK**
Suid-Boland Kampioenskappe, 15 Februarie 2025, Caledon

**Suid-Boland atlete van HSB is as volg:**

1. D17 Palesa Namise diskus
2. S 15 Khazimla Duti 5000m stap
3. S15 Luke Gabriels 100mH en 100m
4. S17 Llewellyn Gabriels verspring, driesprong
5. S15 Luan Coetzee gewigstoot
6. D19 Madelein Engel verspring en sy het ook die **rekord** gebreek
7. S19 Jaco Henning diskus, gewigstoot
8. D14 Carli Wessels gewigstoot
9. D15 Christelize Kotze hoogspring en 300mH
10. S19 Urlinn Henecke 100m en 200m
11. S17 Hugo Pretorius 100m
12. D19 Junicke Newman 100m en 200m
13. S14 Gervinnio Stuart 400m en 800m
14. S17 Shauwon Jonas 800m
15. S19 Alexander Plaatjies 800m
16. S15 Janeco Mars 800m
17. S14 Leighton Phillips 300mH
18. D17 Mari-Louise van Niekerk 400mH
19. S17 Waylon Abrahams 400mH
20. D14 Nika Terblanche 800m
21. D17 Remy Wessels 800m
22. D15 Alicia Mukaratirwa 200m, 400m. Sy het ook die 200m **rekord** gebreek.

Baie geluk aan elke atleet.
'n Baie groot dankie aan elke afrigter en beampte en aan oom Hardus Lourens vir die bestuur van die bus.













## GHOLFDAG

Vanjaar se gholfdag gesamentlik gereël deur Hoërskool en Laerskool Bredasdorp asook die klubbestuur, was weereens 'n reusesukses. Baie dankie aan me Carina du Toit, mnr Thys Kriel en hul helpers wat namens HSB verantwoordelik was vir al die reëlings en 'n uitstekende taak verrig het.

Ons opregte dank aan ons borge vir hul volgehoue ondersteuning. We appreciate your contribution to our hosting of a successful golf day. We would also like to say thank you to the players who came and spent the day with us, we hope you enjoyed the day as much as we did!
















## SUID-BOLAND KRIEKETSPELERS

HSB is baie trots op die vier BD-dogterskrieketspelers wat in die Suid-Bolandspan opgeneem is. Hulle is 'n groep van 14 dogters wat gedurende die kwartaal aan verskeie wedstryde sal deelneem. Baie geluk!

Agter vlnr: LZ du Toit en Tanisha Arries
Voor vlnr: Junicke Newman en Chandré Abrahams





## JEUGSKOU

Heidelberg Jeugskou uitslae:
Jessica Flack het in die perde kategorie geskou en het 'n tweede plek (reserwe kampioen) behaal.
Baie geluk!



**TENNISUITSLAE: AGNES PAUW-DOGTERSTOERNOOI**
(Moorreesburg)
Uitslae van ons dogters eerstespan:
Verloor 3-6 teen HS Dirkie Uys
Verloor 0-9 teen HS Paarl Gim
Wen Lutzville/Augsburg 8-1
Wen HS Hugenote 5-4
Wen HS Bellville 8-1



Vlnr: Melissa Saayman, Mieke Saayman, Minke Terblanche, Nina Terblanche



Vlnr: Conrad Bothma, Dirk Neethling, Christiaan Stoltz, Ronwill Siegelaar



Vlnr: Mkuhluli Tundezwa, Daniël Fourie, Jan-Carel Lochner, Luan Prins

**HSB vs HS MONTAGU – INTERSKOLE UITSLAE**
1ste dogters wen 6-0
1ste seuns verloor 1-5
2de seuns verloor 2-4

**TERM THEME**
Feet on the ground

## KRIEKETUITSLAE

**O.15-SEUNSKRIEKET vs HS HERMANUS**
Baie geluk aan die BD o.15-seunskrieketspan wat op 18 Februarie teen Hoërskool Hermanus geseëvier het met 49 lopies!
HSB het eerste gekolf en 106 lopies aangeteken. HS Hermanus kon net 57 lopies aanteken.



Agter vlnr: Zac de Jager, Gyan Gertze, mnr Sebastiaan Nieuwoudt (afrigter), mnr Marius v/d Vyver (afrigter), Edmund O'Ehley, Jean Bauer, Leighton Phillips, Joel Jephtas, Stefan Lochner
Middel vlnr: Johannes van Zyl, Justin Bailey, Marcus Temmers, Jaco van Dewenter
Voor: Lucian Williams



**BD DOGTERSKRIEKET KLOP HOËRSKOOL HERMANUS**
Hoërskool Bredasdorp se o.19-dogterskrieketspan het op 18 Februarie vir Hoërskool Hermanus oortuigend met 4 paaltjies gewen.

Hermanus het die loot gewen en besluit om eerste te kolf. Hulle het 71 lopies in 18.5 beurte aangeteken. Die beste BD-boulers was: LZ du Toit met 3/20 en Junicke Newman met 2/4.

Tydens die BD's se kolfbeurt, kon hulle daarin slaag om 72 lopies aan te teken
Die top BD-kolwers was: Junicke Newman en Chandré Abrahams.

Dit was 'n aanskoulike wedstryd en 'n welverdiende wen waarop ons baie trots is.

Voetspore

Footprints

**ONDERWATERHOKKIE**

Ons wens ons Boland onderwaterhokkiespelers wat vanaf 21-23 Maart aan die Nasionale Kampioenskappe in Bloemfontein gaan deelneem, ‘n suksesvolle kampioenskap toe. Mag dit vir elkeen nie net ‘n leerervaring wees nie, maar ook ‘n geleentheid om nuwe vriende te maak. Ons hou duim vas. Ons is baie trots op ons 10 seuns en 6 dogters wat ons skool en Boland gaan verteenwoordig.

Baie dankie aan dr Isaac Pretorius wat saamgaan as Boland-afrigter.






Agter vlnr: Philip Fick, Blake Edwards, Jan-Carel Lochner, Stefan Swart
Middel vlnr: Hugo Pretorius, Markus van der Walt, Dayton Hartnick
Voor vlnr: Hugo Bester, Chris Kotze, Dirk Uys

**KWARTAALTEMA**
Voete op die grond



Agter vlnr: Suzanne Pretorius, Clara de Jager, Jessica Burger
Voor vlnr: Rémy Wessels, Gite-Mari Malherbe, Leslie-Ann Janse van Rensburg

**JEUGSKOU**
UITSLAE RIVERSDAL JEUGSKOU

Fotografie: Junior
Leila Donald Kampioen
Lyla Prinsloo Reserwe kampioen
Christelize Kotze Derde
Marli van Zyl Vierde
Noa Myburgh Vyfde

Suiwelbereiding: Junior:
Leslie-Ann Janse van Rensburg Kampioen
Chris Kotze Reserwe kampioen
Mila Kriel Derde

Suiwelbereiding: Senior:
Willem Strauss Kampioen
Janko Rossouw Reserwe kampioen
Bradley Zindonda derde

Kulinêre kuns: Junior:
Chloe Wagener

Kulinêre kuns: Senior
Roché Davids Kampioen
Kaylee Nel Reserwe kampioen
Lucy Turvey derde
Mikayla de Jager vierde

Pluimvee Junior:
Wilme Parsons derde



V.l.n.r Noa Myburg, Marli van Zyl, Christelize Kotze, Lyla Prinsloo, Leila Donald



Chloé Wagener



V.l.n.r. Mila Kriel, Leslie Ann Janse van Rensburg, Chris Kotze



V.l.n.r. Mikayla de Jager, Lucy Turvey, Kaylee Nel, Roche Davids



V.l.n.r. Willem Strauss, Janko Rossouw, Bradley Zindonda







**HIERMEE WORD MAMMA EN DOGTER HARTLIK UITGENOOI NA GIRL SCHOOL BREDASDORP SE BEKENDSTELLINGSAAND.**

**NEE, DIT IS BESLIS NIE 'N NUWE MEISIESSKOOL OP DIE DORP NIE!**

Girl-School presents courses for girls aged 7-18 years, to equip them with the necessary emotional and physical skills to be well-groomed an well-rounded young ladies with solid character. This will enable them to discover their unique inner and outer beauty and wear it as a crown for His glory.

Courses will be presented in Afrikaans and happily explained in English.

**KOM KUIER SAAM, ONTMOET DIE SPAN EN KOM VIND UIT WAT DIE HART VAN GIRL SCHOOL WERKLIK IS."**